

**VOORGESTELDE ONDERSESE TELEKOMMUNIKASIESTELSEL (EQUIANO
KABELSTELSEL) WAT BY MELKBOSSTRAND OP DIE WESKUS VAN SUID-
AFRIKA GELAND SAL WORD**

Voorstander: Openserve ('n Afdeling van Telkom SA SOC Bpk)

Hiermee word kennisgewing aan die publiek gegee van die voorgestelde installasie van 'n onderse telekommunikasiekabel, bekend as die Equiano Kabelstelsel, deur Openserve. Die Equiano Kabelstelsel is noodsaaklik om Suid-Afrika en die Weskus van Afrika met belangrike internasionale telekommunikasie-middelpunte in Europa te verbind. As die aangewese Landingsvennoot van die Equiano Kabelstelsel in Suid-Afrika wil Openserve poog om die plaaslike permitte te verkry om die Equiano Kabelstelsel naby Melkbosstrand te land. Openserve, 'n afdeling van Telkom SA SOC Bpk, het die vereiste lisensies om hierdie stelsel in Suid-Afrika te bedryf.

Omgewingsmagtigingsproses

In terme van die OIS Regulasies, wat gepubliseer is onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur 1998 (Wet 107 van 1998) (WNOB; NEMA), (soos gewysig) benodig die voorgestelde ontwikkeling van die Equiano Kabelstelsel omgewingsmagtiging vir 'n aantal gelyste aktiwiteite in terme van die gelyste aktiwiteite in kennisgewing 1 (Nr. R. 327 van April 2017), kennisgewing 2 (Nr. R. 325 van April 2017), in terme van Artikel 24(2) en 24D van die wat WNOB vereis die onderneming van 'n Omgewingsimpakstudie (OIS; EIA) om omgewingsmagtiging te kry. Op grond van die huidige regulasies is die Nasionale Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV) die bevoegde owerheid vir die uitreiking van omgewingsmagtiging vir hierdie voorgestelde ontwikkeling. Indien 'n Watergebruiks lisensie vereis word, sal 'n aansoek in terme van Hoofstuk 4 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998), veral Artikel 40(4), by die Departement van Menslike Nedersettings, Water en Sanitasie ingedien word.

ACER sal namens Openserve die rol en verantwoordelikhede van Omgewingsimpakbepalingspraktisyn (OBP; EAP) vervul om die Omgewingsimpakstudie en die gepaardgaande openbare deelname proses te onderneem. Verder sal ACER verseker dat die vereiste aansoek- en ondersteunende dokumentasie aan die DOBV ingedien is vir oorweging en besluitneming.

Uitnodiging om Deel te Neem

Om verdere inligting te bekom oor die voorgestelde projek en om as 'n Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party (B&GP) te registreer, kontak gerus die Openbare Deelname Kantoor deur middel van:

Carina Boonzaier of Giles Churchill
Posbus 503, Mtunzini, 3867 Tel: 035 340 2715
Faks: 035 340 2232 E-pos: equiano@acerafrica.co.za

Let asseblief daarop dat, in ooreenstemming met GNR 326, 42(a), 44 (1) en 19(1)(a) (7 April 2017), alle kommentaar wat ontvang word, in 'n verslag oor kommentaar en reaksies vervat sal word. Dit sal aan die bevoegde owerheid beskikbaar gestel word en as deel van die openbare oorsigproses van die OIS-verslae in die openbare domein geplaas word.